TESSA

Amanda wieg die popwaentjie heen en weer, heen en weer oor die stoep. Haar mooi, nuwe pop lê binne-in. Sy het haar pas by mamma as 'n kersgeskenk gekry. Ouma het toe 'n pragtige kussinkie en kombersie vir haar gemaak sodat sy die nuwe pop en die nuwe beddegoed in die popwaentjie wat sy reeds gehad het, kan sit. Boonop het die pop ook nog dieselfde nagklere as wat sy wat Amanda is, aan. Dié het hulle ook by ouma gekry.

**Moeilik**

"Doe-doe, doe-doe", sing Amanda terwyl sy die waentjie oor die stoep wieg. Sy raak al so 'n bietjie moeg want Janie, die pop, se ogies wil nog nie heeltemal toe gaan nie; sy lê nog deur sulke skrefies vir Amanda en kyk. Ag, maar dit maak nie saak nie, sy weet dat mamma partykeer ook maar sukkel om haar klein boetie aan die slaap te kry. Sy maak met Janie presies net soos mamma met haar boetie maak. Sjoe, dis maar moeilik!"

"Doe-doe, doe-doe", Amanda se wange gloei van opgewondenheid. Die popwaentjie zziirrrrts oor die stoep.

Nadia, haar maatjie oorkant die straat, staan en kyk; haar een vinger in haar mond . . . O, sy wens sy het ook so 'n mooi pop soos Amanda gehad!

Twee van die ander seunsmaats stap al met die sypaadjie langs, verby Amanda-hulle se huis. Hulle stop eers om na die popwaentjie en die nuwe pop te kyk.

**Jong hond**

En Tessa die wilde, uitgelate hond? Sy sien die mooi waentjie en die pragtige pop ook!

Haar kort stertjie kwispel van die pret, haar groot bruin oë blink, haar yslike bek met die skerp tande hyg en haar lang tong swaai soos 'n rooi vlag heen en weer.

Tessa is Oupa se hond wat 'n rukkie by hulle kuier. Tessa is 'n liewe hond, maar nog baie jonk en baie spelerig. As sy maar kan hardloop en speel en stoei, is sy op haar gelukkigste.

Sy sien Amanda se popwaentjie. Sy weet nie eens presies wat dit is nie. Maar dit beweeg, dit gly heen en weer oor die stoep en dit maak die mooiste geluide; kompleet asof dit roep: "Tessa! Kom vang my as jy kan! Ag, jy kan tog nie! Woerrts, ek ry al weer verder!"

"Jou nie vang nie? Jy maak 'n fout. Ek sal."

En die wilde Tessa vlieg met woeste spronge oor die stoep agter die waentjie aan. "Ek sal jou." Háp!! Sy byt in die wiele van die waentjie. Die waentjie val om.

Haar groot bek met die skerp, wit tande gryp die arme Janie. Haar lang pote krap met hulle naels oor die stoep soos sy hardloop, maar sy val nie eers in die woeste, dolle gespring nie. Met 'n snaakse, wilde sprong hardloop sy weer verder oor die stoep en die arme Janie gaan saam tussen Tessa se tande. Tessa skud haar kop heen en weer asof sy 'n gevaarlike ding gekry het en dit nou wil verskeur.

Maar ag, dis alles net vrolikheid en spelerigheid.

**Sonder pop**

Die arme Amanda! Sy het verskriklik geskrik! Die kombersie bewe in haar hand. Daar staan sy nou sonder pop! Groot trane brand in haar oë. Nadia het haar vinger uit haar mond geruk. Die twee seuns? Die dapper seuns hardloop agter die hond aan. Hulle sal haar...! Maar as Tessa skielik omvlieg, kruip hulle ook bang agter 'n boomstam weg.

Tessa kom tot naby Amanda. Sy laat haarself met 'n plofslag van moegheid op die stoep neerval. Die nat pop lê tussen haar voorpote en haar hygende, rooi tong wapper soos 'n vlag uit haar bek.

"Toe dan! Vat jou pop, as jy die moed het!"

Amanda waag dit nie. Sy skuifel nou wel so 'n klein entjie nader na die vreeslike hond. Sy sien die skerp, wit tande blink in die hond se bek.

**Tog te lekker**

Nadia skuif agtertoe en steek twéé vingers in haar mond.

Wanneer Amanda nóg 'n bietjie nader stap, gryp Tessa die pop weer, maak 'n bollemakiesiesprong en hardloop weer weg. Kompleet asof sy vir Amanda wil sê: "Ons speel tog te lekker, nè?"

Maar toe kom Nico, vriende van Amanda se mamma-hulle se groot seun, op sy fiets verby. Hy sien hoe Tessa Amanda se pop vat. So vinnig as wat hy kan, met sy rug krom en sy neus amper tot teenaan die stuurwiel, ry hy agter Tessa aan. Hy sal . . .!

Tessa hoor hom kom. Ai, dis nou mos 'n nuwe speletjie! Kyk wie wen! Tessa hardloop met haar lang, sterk pote ook so vinnig soos sy kan, maar die pop hou sy styf tussen haar tande. Die pop sal jy tog nie kry nie!

Wie gaan wen?

Amanda het op die stoeptrappie gaan sit. Sy huil saggies. Nadia het langs haar kom sit . . . Sy probeer troos.

Ag, dit vat dan so lank! Nico kom nie terug nie. Tessa kom nie terug nie. En die pragtige, nuwe pop kom glad nie terug nie.

Die arme Amanda.

**Onder 'n struik**

En Tessa, die rakker?

In die parkie sien sy 'n klein wit hondjie. O, maar dis tog baie ouliker as so 'n rubber ding in haar bek. En ook baie ouliker as 'n fiets wat haar wil vang. Tessa slinger die pop met 'n woeste swaai uit haar bek uit en vlieg na die klein wit hondjie toe.

En Janie? Die pragtige, nuwe Janie? Sy lê êrens weggerol onder 'n struik. Nico soek, maar kan haar nêrens kry nie. Toe ry hy maar weer verder — sonder pop.

Amanda het al huilende, die hele storie vir mamma vertel. Mamma was hartseer en kwaad. Toe Tessa terugkom, het sy haar 'n raps gegee en met haar geraas maar tog vir Amanda verduidelik dat Tessa eintlik net wou speel en dit nie moedswillig gedoen het nie.

**Dis nie reg nie**

Die volgende dag.

'n Ou tannie loop deur die parkie na haar huis toe. Wat lê dan nou daar onder die struik? Sy buk om dit op te tel.

"Ai, 'n pop", sug die tannie.

Dit moet een of ander dogtertjie s'n wees. Maar wie s'n? Sy sien geen kinders in die parkie speel nie.

"Wag, ek sal haar saamvat huis toe", sê die tannie. Sy loop verder deur die parkie, al met die sypaadjie langs, terug huis toe.

...oe sien sy 'n dogtertjie op 'n stoeltjie in 'n tuin sit.

"Kyk net!" roep sy. "Ek het dit opgetel en jy mag dit maar kry, hoor!" Sy druk die pop in Nadia se een hand. "Ek het haar in die parkie gekry en ek is tog al te oud om pop te speel!"

Dis Janie!! Sy sien dit dadelik raak. En nou mag sý Janie kry. Die tannie het mos so gesê! Nadia wil die huis inhardloop om haar mamma te gaan sê. Skielik staan sy botstil, kyk na die pop in haar hande.

Siestog, kyk hoe vuil is sy en daar is bytmerke van Tessa se skerp tande in Janie se mooi nagrokkie. Dis tog so jammer!

Maar as sý Janie hou, het Amanda nie meer 'n pop nie. Dis erg! En Nadia? Sy skud haar kop. "Nee! nee!" sê sy. "Dis nie reg nie!"

Haastig draf sy oor die straat na Amanda se huis. Sy vergeet skoon om haar mamma te sê. Sy lui die deurklokkie. Amanda se mamma kom maak oop met Amanda wat so half agter haar staan.

Nadia hou die pop in die lug op en gee haar vir Amanda aan. "Hierso!" En sy vertel Amanda alles van die ou tannie en die parkie.

**Slim plan**

Daardie aand kom Oupa. Hy hoor die hele storie; ook Nadia se storie. Hy kyk na die arme Janie. O ja, mamma het haar gewas en afgedroog en skoon kleertjies aangetrek. Maar die merke van Tessa se skerp tande kon nie uit die nagrokkie uitgewas word nie. So jammer.

"So 'n stouterd!" brom Oupa. "Maar wag, ek het 'n slim plan!"

Die volgende môre speel Amanda en Nadia weer in die tuin met Janie in die popwaentjie. Tessa is toegemaak agter in die tuin solank die twee meisies buite speel. Netnou, as hulle die huis ingaan, mag Tessa weer in die res van die tuin rondhardloop, maar ai, die tyd gaan vir haar verskriklik stadig verby!

Toe kom Oupa wéér daar aan. In sy hande hou hy twee pakkies. Die een gee hy vir Amanda en die ander een vir Nadia. Hulle kan dit glad nie verstaan nie! Nie een van hulle verjaar mos nie! Vinnig skeur die vingertjies die geskenkpapier af. "O!" roep hulle van blydskap uit. In Amanda se pakkie is 'n splinternuwe nagrokkie vir haarself met 'n kleiner enetjie wat presies net so lyk, vir Janie! O, nou pas hulle tog weer by mekaar!

En in Nadia se pakkie? Presies so 'n pop soos Janie met 'n nagrokkie aan en 'n groter een daarby wat weer vir Nadia sal pas!

Die twee meisies storm op Oupa af om vir hom dankie te sê. Hulle lag en skree deurmekaar van blydskap. En agter in die tuin hoor Tessa die geraas. Sy skud maar net haar groot kop en gaan lê dan maar weer plat op haar maag op die groen gras met haar lang tong soos 'n wapperende rooi vlag tussen haar wit voorpote. Dit sal seker nog lank neem voordat sý weer kan baljaar. 1◆

## TESSA: Vragies

Lees die leesstukkie baie goed twee keer deur.

1. Waarom raak Amanda bietjie moeg?
2. Wat is haar maatjie se naam?
3. Wat beteken : "kwispel"?
4. Wie se hond is Tessa?
5. Wat doen die twee seuns as Tessa skielik omvlieg?
6. Wat dink Tessa die hele tyd met die pop in haar bek?
7. Wat het Amanda intussen gedoen toe Tessa met die pop weghardloop?
8. Waar lê Janie (die pop) nou?
9. Wie kry die pop nou?
10. Wat het Oupa vir die twee dogtertjies gebring?
11. Wat doen Tessa agter in die tuin toe sy die blydskap van dié twee hoor?

12. Lettergrepe: heeltemal partykeer presies moeilik maatjie sypaadjie kwispel kuier hardloop waentjie vrolikheid spelerigheid dapper skielik boomstam vingers speletjie vriende stuurwiel